

*Uit Oom Andries se boekrak.*

## Die Kind moet Betaal

“Gee die kind hier!”

Die kindermeid se oë is wit van vrees. Die koue water spoel kort-kort oor haar voete. Sy klou aan haar troefkaart tot oorlewing. Sy skud haar kop wild. Druk die kind stywer teen haar bors.

“Nee!” skree sy terug oor die water. Haar stem waai weg in die wind. Die kind begin huil....

In January van 1589 het die seilskip *São Thomé* vanaf Cochin (suid-west Indië) na Portugal vertrek. Die skip was swaar gelaaie met 'n waardevolle vrag, maar die omvang van korrupsie onder alle vlakke van die Portugese amptenary was reeds van so 'n aard dat dit nie behoorlik vir die lang seereis voorberei was nie. Die kaptein genaamd Estevão da Veiga was 'n man van weinig vermoë. Daar was baie passasiers aan boord, onder andere Dom Paul De Lima en sy vrou Dona Beatrice, Bernadim de Carvalho, Gregorio Botelho en sy daughter Dona Mariana, op pad Portugal om met haar man, Guterre de Monroy te verenig, Dona Joanna de Mendonça, die weduwee van Gonçalo Gomes d'Azevedo, met haar enigste kind, 'n dogtertjie skaars twee jaar oud, en Diogo de Couto, wat al tevore die stranding van die *Santiago* oorleef het.

Die kaptein en sy offisiere was begerig om die eiland St Helena voor die ander skepe wat saam met hulle uit Cochin vertrek het, te bereik. Hulle kon goeie geld vir hulle eie sak maak deur eerste te wees. Gevolglik het hulle met maksimum spoed en volle seil gevaar totdat die skip in die omgewing van die suidelike punt van Madagaskar begin lek het. Die lekplek is gedeeltelik toegestop en die skip is op koers gehou tot 12 Maart, toe dit 'n wind uit die suid-weste teëkom wat die lekplek tot so 'n mate vergroot dat die pompe nie meer kon byhou. Daar is gepoog om Mozambique te bereik terwyl naartigtelik probeer is om water te pomp en te skep en die skip so lig as moontlik gemaak is, maar 'n paar dae later was dit duidelik dat dit nog net 'n paar uur vlot sou bly.

Daar was 'n boot op die dek wat te water gelaat is en 'n stormloop veroorsaak het soos elkeen veg vir 'n plek. Teen die tyd dat dit vry van die skip was, het dit reeds honderd en nege siele aan boord gehad. Onder hulle was die drie dames, maar die smart van weduwee De Mendonça was intense want haar kind was op die sinkende skip en haar oppaster wou haar nie prysgee tensy ook sý gered kon word. Dit was nie moontlik want die boot was reeds oorlaai en om dit ligter te maak is twaalf mans oorboord gegooi en het verdrink.

Daar was 'n Dominikaanse monnik by name Nicolau van die Rosary aan boord die *São Thomé* en diegene in die boot het vir

hom geskree om in die water te spring en na hulle te swem, maar hy wou dit nie doen alvorens hy omgesien het na die geestelike noodsaaklikhede van diegene wat op die punt staan om te sterf. Toe hy klaar was, spring hy in die see en swem na die boot waar helpende hande hom intrek.

Teen tienuur die oggend het hulle die *São Thomé* sien sink. Vroeg die volgende oggend, 22 Maart, het boot die kus bereik van die gebied wat nou as Tongaland bekend staan, en wat destyds deur die Makomata-stam beset was. Van die bemanning het geland en het 'n kraal gevind waar hulle vriendelik ontvang is. The offisiere wou toe langs die kus op na die rivier van Lourenço Marques, maar toe die wind teen hul draai, het hulle besef dat hulle dit nie sal maak nie. Die boot is gevolglik op die strand laat loop, waar dit verbrand is om die spykers te kry vir handeldryf, en waarna hulle oorland begin stap het. Hulle was agt-en-neëntig siele en het vyf gewere met ammunisie, soveel swaarde, en 'n bietjie kos by hulle gehad.

Aldus George Thial aan die woord (woordeliks vertaal) in sy monumentale *History of South Africa before 1795, The Portugese in South Africa from 1505 to 1795, Deel II* wat oorspronklik in 1907 verskyn het. Hy was vroeër verbonde aan die Kaapse Argief.

Hy vertel verder dat met behulp van die plaaslike inwoners die groep skipbreukelinge Setimaru (25 grade 45' of Olifant eiland) bereik waar 'n Portugese handelstasie vir die laai van ivoor was, maar die was verlate want die betrokke seisoen se handelskip het 'n paar dae vroeër vertrek.

Na vele ontberinge het sowat veertig mense van die geselskap, insluitend die drie vroue, uiteindelik die voorradeskip by Mozambique gehaal en is terug Goa toe. Die edelliede het dit oënskynlik nie gemaak nie. Wanneer hulle uiteindelik in Portugal aangekom het, weet nugter. Of priester Nicolau by hulle was weet ons ook nie. Toe daar gekies moes word was sy lewe meer werd as die van 'n twee-jarige meisiekind.

Maar het die jonge d'Azevedo-nasaat 'n beter kans gehad.

*Oorgeskrif, vertaal en verhaal deur Servaas de Kock, Oktober 2010*